OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

Theewaterskloof Municipality – Administrative Head Office
6 Plein Street, PO Box 24 Caledon, Western Cape, 7230
Tel: +27 (28) 2143300 | Fax: +27 (28) 2141289
Website: www.twk.gov.za

28 Mei 2026

Mnr. Jaco Smith
Villiersdorp

Epos: jacosmith1@telkomsa.net

Geagte Meneer / Mevrou

Munisipale Reaksie op Kommentaar Ontvang Konsepbegroting 2026-2027

Baie dankie vir u insette en voorstelle rakende die Konsepbegroting 2026/2027 en spesifiek die behoeftes wat u ten opsigte van Villiersdorp onder die Munisipaliteit se aandag gebring het.

Die kwessies wat u uitgelig het, naamlik die herstel van slaggate en paaie, verbeterde vullisbestuur, die toestand van waterinfrastruktuur asook die opgradering van openbare fasiliteite en geboue, is alles sake wat ’n direkte invloed het op inwoners se daaglikse lewenskwaliteit en die algemene voorkoms en funksionering van die dorp.

Die Munisipaliteit neem kennis van u bekommernisse oor die toestand van sekere paaie in Villiersdorp, insluitend die gedeelte vanaf die OK tot by die eerste stopstraat naby die taxistaanplek. So ook word die behoefte aan meer vullisdromme, beter instandhouding van bestaande infrastruktuur en groter openbare bewusmaking rondom rommelstrooiery erken.

U insette rakende die herstel van waterpype en boorgate wat gereeld probleme ondervind asook die herstel van die Dagbreek-gebou en die voltooiing van die taxistaanplek, is eweneens aangeteken as deel van die openbare deelnameproses.

Soos uiteengesit in die Burgemeester se voorwoord tot die begroting, funksioneer die Munisipaliteit tans binne ’n beperkte finansiële omgewing terwyl die Finansiële Herstelplan geïmplementeer word. Dit plaas beperkinge op nuwe projekte en kapitaalbesteding in die huidige fase van herstel. Nietemin bly die Munisipaliteit verbind tot die beskerming van kern-dienslewering en die geleidelike aanspreek van infrastruktuur- en instandhoudingsagterstande soos finansiële ruimte dit toelaat.

Ons waardeer die praktiese aard van u voorstelle en die feit dat dit fokus op verbeterings wat ’n tasbare verskil in die gemeenskap kan maak.

Alle openbare insette is oorweeg en bespreek tydens 'n Raadswerkswinkel wat op 14 Mei 2026 plaasgevind het. Die sake wat geopper is, is verder bespreek tydens die Begrotingsbestuurskomiteevergadering op 18 Mei 2026.

Die finale begroting, tesame met die oorweging van alle ontvangde kommentare, is by die Raadsvergadering op 28 Mei 2026 ter tafel gelê vir finale goedkeuring.

Hierdie reaksie dien as die munisipaliteit se formele antwoord oor die saak. Ons waardeer weereens u konstruktiewe insette en u voortgesette belangstelling in die ontwikkeling van Villiersdorp.

Die uwe in Dienslewering,

……..
Mr. GW Hermanus
ACTING MUNICIPAL MANAGER
THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY